Suid Afrikaanse Stoeifederasie
South African Wrestling Federation

Mnr HP. Van Heerden
Bloemstraat 29
POTCHEFSTROOM
2531

SEL: 082 701 5616
FAX: 086 567 5616

E-POS: hpvh@vodamail.co.za

18 Februarie 2009

WEB PAGE:- http://www.wrestling.org.za

OMSENDSKRYWE 02/2009

Neem asb kennis van die volgende belangrike punte en verseker asb dat die inligting na almal in die vereniging versprei word.

ADMINISTRATIEWE RAAD SAKE

Stoeiverenigings moet asb alle SASF skrywes lees - Vanaf SASF en vanaf Sub-Rade. Stel asb klubs in kennis van wat die inhoud is.

Stoeiverenigings moet asb sorg dat inligting wat hulle aan die SASF stuur wat vanaf Klubs ontvang is, is wat voor gevra is.

Stoeiverenigings moet asb daagliks hulle e-pos oopmaak en lees. Daar word daagliks skrywes vanaf die SASF en Sub-Rase uitgestuur met belangrike inligting wat aandag benodig.

Tweede Admin kursus vindplaas op 14 Maart 2009 te N.G. Stoeisaal tydens die Limpopo Ope. Kursus sal om 09h00 begin. Registrasie is om 08h30.

ONTWIKKELING SAKE

BEAMPTE RAAD SAKE

- Daar word 'n dringende beroep gedoen dat alle Beampte & SA Omsendskrywes vanaf verenigings tot op klub vlak versprei word, ter inligting tot alle stoei lede.
- Die nuwe stoei reels ten opsigte van afrigters kaarte word vanaf die volgende SA byeenkoms toegepas, en tydens opes sal afrigters nog steeds die voorreg geniet om met die tegniese beampte te gaan praat.
- Daar bestaan 'n misverstand by verenigings om te sê die boetes ten opsigte van te min beamptes vir aantal stoeiers ingeskryf na byeenkomste is af. Mnr Villet het duidelik gesê die beampte raad sal kyk na die aantal beamptes per mat en as dit nie genoeg is nie, sal provoinsies beboet word vir die beampte tekort. Daar gaan wel toegewings gemaak word om beamptes te laat optree vir telbord soos toegepas tydens die SA Gradering Toernooi.
- Daar gaan ook vanaf die beampte raad gekyk word na meer praktiese kursusse vir beamptes in die toekoms.
- Afrigters word versoek om hulle self dringend met die nuwe Grieks Romeinse rëels te vereenselwig.
- Geen beampte kaart sonder foto's word aanvaar nie. Daar is nog baie verenigings wat geen foto's ingestuur het nie.
- Alle betalings bewyse moet dringend na die Sekretaris van Beampte raad Johan vd Berg gestuur word.

AFRIGTER SAKE

1. SASAR KURSUS

Die Nasionale kursus wat sou plaasvind op 28 Maart 2009 verskuif na **20 & 21 Maart 2009 , as gevolg van die Abraham Geldenhuys Ope en Kursus wat op 2009 kalender op dieselfde dag beplan was.**
Afrigters wat by nasionale byeenkomste wil optree moet sorg dat hulle die nasionale kursus bywoon. Afrigters wat nie in 2008 die nasionale kursus bygewoon het nie, sal eers na bywoning van die eerste kursus in Maart by nasionale aangeleenthede kan optree. Die besluit is reeds by verskeie geleenthede in 2007 en 2008 deur middel van SA Omsendkrywes en SASAR Omsendskrywe aan al die verengings oorgedra en sal van toepassing wees vir alle kursusse in die toekoms.

Besonderhede van kursus 20/21 Maart 2009 :

- Venue: Noord Gauteng Stoei Saal
- Eksamen: Vlak 1 & 2 Vrydagaand 20 Maart om 19h00
- Name van afrigters wat wil eksamen doen, moet deur Verenigings skriftelik bevestig word voor of op 7 Maart 2009 by Esta Van Zyl.
- Kursus bywoning en Praktiese toetsing van Vlak 3 & 4 sal Saterdag 21 Maart 2009 plaasvind.
- Registrasie Vrydagaand vanaf 17h00

- Name van afrigters wat wil opgradeer vir Vlak 3 & 4 moet ook skriftelik bevestig word deur verenigings voor of op 7 Maart 2009 by evanzyl@phumelela.com
- Name van afrigters wat kursus wil bywoon en nie wil opgradeer nie, moet skriftelik deur gegee word aan evanzyl@phumelela.com voor of op 7 Maart 2009.
- Verenigings moet asb kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning, sal die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde, indien die afrigters nie opdaag nie. Inskywingsgelde R220.

2. NASIONALE OEFENING

Die volgende nasionale oefening vind plaas op 25 Februarie 2009 te Primrose Stoeiklub.
Na afloop van Gradering Toernooi op 20 & 21 Februarie sal SASAR omsendskrywe uitgestuur word met oefen groepe, met die verpligte oefening en deelnames, wat gemonitor sal word.

3. PROVINSIALE KURSUSSE

Verenigings word versoek om datums van hulle provinsiale kursusse in te stuur vir die Afrigters Komitee. Verskeie verenigings het nog nie hulle datums deurgegee nie. Ons wil graag weet waar en wanneer dit plaasvind sodat 'n lid afgevaardig kan word om dit by te woon ten einde die kursus te evalueer en hulp aan te bied waar nodig.

4. **FILA KURSUSSE**

Baie geluk aan die Afrigters wat die Fila kursusse bygewoon het, en suksesvol was.
Bennie Labuschagne (NG) Fila kategorie I
Markus Dekker (NG) Fila kategorie I
Tubby van den Heever (NG) Fila kategorie II

HULP TESOURIER SAKE

Verenigings moet asb verseker dat die nodige dokumentasie ontvang word vir die bewys van Behoeftige en Kinderhuis stoeier registrasies. Indien die dokumentasie nie ontvang word nie, sal die stoeiers as gewone stoeiers geregistreer word.

Indien enige onduidelikheid, skakel gerus vir Anna Addinall by 011 916 1117 of 0828014791. E-pos annaa@telkomsa.net

SPANBESTUURDER SAKE

- **Kursusse**

Streek 1 – 28/2/2009
Tydens Tuks Ope – Groenkloof Kampus – 09:00
(Leon Faasen, Frederick Coetzee, Irene Schutte)
Sen G / O.G / MP / Limp

Streek 2 – 14/3/2009
Plaas Esreranza – 09:00
(Jan Bezuidenhoud, Deserie van der Walt)
Sed / NW / NFS / SFS / NK / Natal

Streek 3 – 14/2/2009
(Michael Luff, Jan Etzebeth)
OP / Boland / WP

Verskeie Spanbestuurders het gevra dat 'n 2de kursus asb moet aangebied word, ons het sodoende besluit om die Sentrle kursus te hou op die 14de Maart, te Welkom, persone wat dan nie die eerste kursusse kan bywoon nie kan dan by die ander streke inskakel.

Vriendelike Stoeie Groete

Hennie van Heerden